

## 27 Julie - MARIA

**Skrifgedeelte: Johannes 12:1-8**

**Fokusgedeelte: Johannes 12:3**

Jesus en van sy dissipels is aan huis van Marta, Maria en hulle broer Lasarus. Kort tevore het Jesus Lasarus uit die dood opgewek. Jesus het saam met hulle geëet. Gewoonlik is 'n gas aan huis verwelkom en dan is daar 'n paar druppels nardusolie op die gas se kop gedrup as 'n teken van feestelikheid.

Nardusolie was 'n baie kosbare en duur olie, daarom is dit spaarsamig gebruik. Maria gaan egter teen die normale manier van gebruik in en het 'n halfliter nardusolie geneem en dit op Jesus se voete uitgegiet sodat die hele huis deurtrek is met die geur van die reukolie. Vir Judas was dit niks anders as vermorsing nie. Hy meen die nardusolie kon eerder vir 300 silwerstukke verkoop word en die geld dan aan die armes gegee word.

Daarna het Maria haar hare losgemaak en Jesus se voete met haar hare afgedroog. Ook dit was teen die normale manier van optree, want dit is as onbetaamlik beskou dat 'n vrou haar hare in die openbaar losmaak. Maar tog het sy deur hierdie optrede afgesien van haar eie eer en net op Jesus alleen gefokus.

Maria het soveel meer verstaan as die ander wat daar saam geëet het. Jesus verklaar dat Maria Hom gesalf het met die oog op sy begrafnis. Maria erken deur haar optrede dat Jesus die Christus die Gesalfde van God is. Daarom is Maria gewillig om 'n halfliter duur nardusolie vir Christus op te offer en ter wille van Christus van haar eie eer af te sien.

Binne die volgend paar dae sou Christus deur mense verwerp word, aan die kruis sterf, begrawe word en uit die dood opstaan. Christus sou vrywillig sy eer en heerlikheid prysgee sodat die lieflike geur van sy verlossing oor die hele wêreld kon versprei.

Deur Jesus Christus se dood en opstanding het ons die oorwinning oor die sonde behaal. Kom ons wees dan uit dankbaarheid bereid om onself en alles wat ons het aan die Here te offer.

Kom ons gee ons eie eer prys en bely: *"... ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus my Here te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry ..."* (Fil 3:8)

*Sing: Psalm 4:3, 4 (1936-beryming)*

*Ds AF Berg (Bothaville)*